# WAT IS IN DIE EKONOMIE EINTLIK EKONOMIES?

In vorige uitgawes van **Koers** het veral prof. H. G. Stoker met hierdie probleem geworstel. Reeds daarvoor het ek ook in **Koers** aangedui dat daar ook in die Sosiologie 'n soortgelyke onopgeloste probleem bestaan, en ook elders.

Onlangs het ek drie betreklik populêre werke oor ekonomiese onderwerpe gelees waarin ek ook daardeur getref is dat daarin van alles en nog wat bygehaal is wat tog seker nie suiwer ekonomies is nie.

Die een is 'n onlangse Suid-Afrikaanse leerboekie oor „Basic Economics" van Mullan (uitgawe van Juta, 1958), waarin uiteindelik gehandel word oor die noodsaaklikheid van nasionale en internasionale saamwerking en koördinasie.

Dit sluit af met die volgende sin: „Co-ordination is not a concept: it is the only Economic Key in the world to Progress, to Power and to Space and may, therefore, be grasped with the confident assurance that it will unlock the complicated economic mechanism that must be turned in order to open wide the door to a brilliant future and a prosperous united South Africa." (!)

Enigsins soortgelyk is die verloop van 'n heel andersoortige boek, die tweede, genoem: „Economics for the Exasperated," deur G. R. Taylor, 1947.

Hierdie skrywer verwerp die verouderde 19e eeuse idee van die selfregulering van die ekonomiese lewe, maar ook die ekonomiese stelsels wat daarvoor in die plaas gestel is, soos die sosialisme, die kommunisme en die korporativisme. Hy sluit aan by die huidige stelsel van beheerde kapitalisme, maar wil ook dit radikaal hervorm in sover daarin nog die belang van die indiwidu en veral van die ondernemer noodwendig bots met dié van die gemeenskap.

Die ondernemers bv., sê hy, bespaar te veel, belê te veel, weerstaan die uitskakeling van verouderde onderneminge, rig onderneminge op die verkeerde plekke op en begin sekere onderneminge op die verkeerde tye.

Dit moet voorkom word deur middel van demokratiese kontrole veral vanweë die konsumente as 'n liggaam, met 'n behoorlik toegeruste openbare beplanningstelsel, maar fundamenteel deur 'n sosiale hervorming van die ekonomiese mens self.

Nog wyer en dieper delf die derde boek: „The Naked Communist", deur W. Cleon Skousen, 1958. Hierdie skrywer verheerlik die kapitalisme veral teenoor die kommunisme, maar dan sê hy dat dit kapitalisme „met 'n hart" moet wees. Dit mag geen materialistiese kapitalisme wees nie, want dié het geen verweer teen die kommunisme nie. Dit moet berus op die waardes van die Joods-Christelike ideologie.

Nouja, wat is hierin nou eintlik ekonomies?

Die moeilikheid is natuurlik dat alle skrywers oor die Ekonomie hulle besig hou met 'n sekere aspek of vertakking van die volle menslike lewe wat hulle dan by uitstek ekonomies noem, maar wat noodwendig deel het aan alle aspekte van die werklikheid en dus nie suiwer ekonomies kan wees nie.

Soos Stoker dit stel, ook die ekonomiese tree op in alle kosmiese dimensies, en wel dié van a. modaliteite, b. strukture, c. gebeurtenisse en d. waardes. Maar volgens homself is d. gefundeer in c, en c in b, en b in a.

M.a.w. as 'n mens sy sienswyse sou aanvaar, is die dimensie van modaliteite beslissend ook vir die ekonomiese. En dit kan seker aanvaar word dat ons hier met 'n normatiewe modaliteit te doen het, m.a.w. 'n wyse van menslike handeling.

Wat is dan 'n ekonomiese wyse van handeling?

Volgens Stoker die beheer van uitruilbare goedere (en dienste) met die oog op uitruiling en die uitruiling daarvan volgens die vereffening van waardes van die uitruilbare goedere (en dienste).

Daarom sou die kweking van blomme uit liefhebbery of die vervaardiging van 'n apparaat deur 'n navorser nie tot die kring van die Ekonomie behoort nie.

Maar is dit juis? Kan 'n mens nie ook op 'n onekonomiese manier liefhebbery-blomme kweek of navorsingsapparate vervaardig nie? Ek dink tog seker dat dit onekonomies sou wees om in die eerste geval die blomme elke ander dag uit te spit en in die tweede geval onnodige materiaal in die apparaat te gebruik.

Wat is dan ekonomies? Dit is etimologies 'n goeie manier van huishouding. En wat is 'n goeie manier van huishouding? Tog wel die bevrediging van die meeste behoeftes met die minste opoffering. Dit lyk my die essense van die ekonomiese te wees, hoe 'n mens dit dan ook al verder wil presiseer.

Maar nou word hierdie begrip van ekonomisiteit ook etimologies veral toegepas op een bepaalde terrein van die menslike lewe en samelewing, en wel dié waar die vereffening van offer en resultaat die mees dringende is, nl. dié van die voorsiening van goedere en dienste wat vir die lewensonderhoud noodsaaklik en bevorderlik is.

Hierdie gebied word dan die Ekonomie genoem, omdat die ekonomiese modaliteit hier oorheersend is. Maar hierdie gebied is self baie meer as ekonomies; dit is meer as 'n dimensie, dis 'n greep uit die volle lewe; en daarom word dit beheers ook deur alle ander modaliteite, subjektief en objektief.

Maar in sover ons hierdie aspek van die konkrete werklikheid streng ekonomies beskou, is die ekonomiese modaliteit soos bo aangedui die leidende of kwalifiserende.

En hierdie modaliteit beheers ook die dimensies van ekonomiese strukture en gebeurtenisse en waardes, as ons hierdie dimensies saam met Stoker in die werklikheid sou onderskei.

Maar altyd met die verdere bepaling dat die ekonomiese sekundêr beperk word tot die voorsiening van goedere en

dienste in sover noodsaaklik en bevorderlik vir die lewensonderhoud.

Daarom is 'n bedryf 'n ekonomiese struktuur en 'n kerk nie, hoewei ook die kerk sy ekonomiese aspekte het. Want die bedryf word ingerig om op ekonomiese wyse goedere te lewer ens.; maar 'n kerk word geïnstitueer om die erediens van God te organiseer. Word die kerk egter onekonomies bestuur, kan hy ook te gronde gaan, al beantwoord hy origens aan sy bestemming.

L. J. DU PLESSIS.

P.U. vir C.H.O.